**<u>As die Bybel deur mense geskryf is, hoe kan dit dan anders wees as enige ander boek?</u>**

Wanneer die Bybel gelees word, is dit dadelik opsigtelik dat dit anders is as enige ander boek. Die Bybel is wel deur mense geskryf, maar daardie mense was almal deur God gesê wat om te skryf.

Die eerste vyf boeke van die Bybel was deur Moses geskryf. Hy was 'n mens, maar 'n mens wat daagliks met God gepraat het. Hy het byvoorbeeld die skepping en die geskiedenis van die sondvloed opgeskryf, maar hoe het hy dan geweet wat gebeur het? God het vir hom gesê, in sy ore, wat om te skryf, so is dit dan eintlik God se eie woorde.

Daarna is die Bybel ook geskryf deur profete wat deur die Gees van God geïnspireer was. So, hoewel dit hulle eie hande en oë was wat hulle gebruik het, het die woorde van God af gekom en hulle het dit net te boek gestel. Later, in die tyd van die Nuwe Testament, is daar 'n paar ander mense wat deur die Gees van God geïnspireer was en wat die woorde van God neergeskryf het.

Dit klink mooi, maar hoe weet ons dat dit waar is, want die enigste boek wat van hierdie skrywers praat, is die boek wat juis hier onder bespreking is? As ons dan na hierdie boek self kyk, is daar 'n paar dinge van hierdie boek wat hom heeltemal distansieër van enige ander boek in die wêreld.

Hierdie boek was nie deur net een mens geskryf nie, maar deur baie en daar is geen ander boek wat deur meer as een outeur geskryf is nie. Die Bybel bestaan uit ses-en-sestig boeke wat oor duisende jare deur verskillende mense geskryf was en tog is daar geen teenstrydighede tussen die skrywers nie.

Verskillende profete wat dieselfde tyd gelewe het en dieselfde tyd geskryf het, het mekaar nie noodwendig geken nie en was nie eers in dieselfde land nie, maar het tog nog steeds dieselfde boodskap geskryf, sonder om van mekaar te verskil.

Meeste van hierdie profete het oor dinge geskryf wat ver in die toekoms gaan gebeur en het self geen idee gehad waarvan hulle skryf nie, want dit het betrekking gehad op die laaste dae, waarin ons nou leef.

Deur die geskiedenis was daar al verskeie persone wat uit wraak en moedswilligheid dit op hulself geneem het om die Bybel verkeerd te bewys, maar met elkeen het presies dieselfde ding gebeur, hulle kon nie die Bybel verkeerd bewys nie en omdat hulle deur die bonatuurlike ontknoping van die waarheid verstom was, het hulle hulself bekeer tot die God waarvan die Bybel praat.

In die sewentigerjare was daar 'n ondersoekende joernalis van die New York Times, wie uit wraak omdat sy vrou haar tot God bekeer het en hy haar as dwaas beskou het en baie ongelukkig met haar was, dit op homself geneem het om te bewys dat die Bybel net nog 'n boek is en deur mense geskryf was.

Hy moes na baie indringende ondersoek en besoeke, buite die bron van die Bybel, erken dat die Bybel wél waar is.

Jordan Peterson is 'n ander voorbeeld wat vandag voor ons oë afspeel.

Hy is 'n wêreldbekende sielkundige wat 'n proffesor by die bekendste universiteit van Amerika was en op sosiale media baie volgelinge het vir sy uitstaande verstandelike vermoë en insig.

Tydens sy verduidelikings van komplekse sielkundige vraagstukke, het hy gereeld films, kinderverhale en ook Bybelkarakters gebruik om sy argumente te verduidelik. Aanvanklik het hy uitgewys hoe die verhouding tussen die seuns van Adam ooreenstem met ons eie persoonlikhede, maar soos wat hy deur die Bybel gevorder het, het hy, as 'n uitgesproke ateïs, begin sien dat hierdie boek nie 'n gewone boek is nie en dat die verhaal van iemand soos Jona in die vis, nie net 'n verhaal is nie, maar dat daar onbeskryflike diepte in weggesteek is.

Hy is nou eers 'n jaar of twee, drie oortuig dat daar 'n God is en dat die Bybel waar is, maar omdat hy die bonatuurlike aard van die Bybel ervaar het, het hy begin glo in die outeur van die bybel.

Enige persoon wat van mening is dat die Bybel net nog 'n boek is, moet net die tyd neem om self daardeur te blaai en met belangstelling en 'n oop gemoed, daarin te lees. Lees dan enige hoofstuk en probeer om self iets soortgelyk te skryf en ervaar dan hoe moeilik dit is.

Dit is onmoontlik vir 'n mens om een hoofstuk van die Bybel te kan skryf, want dit het meer as een dimensie.

Wat beteken meer as een dimensie?

Kies enige ander boek en lees 'n hoofstuk daarvan. Wanneer jy klaar is, weet jy wat daarin staan en hoef dit nie weer te lees nie, want jy het klaar die inligting. Daar is net een begrip in daardie hoofstuk, selfs as dit gaan oor ingewikkelde wetenskap, of geskiedenis.

Die skrywer van daardie hoofstuk se doel was om net daardie een spesifieke begrip oor te dra, maar dit is waar die Bybel anders is, dit is waarom mense dit lees en weer lees en weer lees, want daar kom altyd nog meer inligting uit dieselfde stuk uit. Dit kan geen ander geskrif doen nie.

Die Bybel is ook die enigste bron wat inligting het oor die begin van die heelal, maar almal weet daarvan, al glo hulle nie die Bybel nie.

Die Bybel praat ook van die vloed van Noag, en dit word deur baie ander beskawings van die aarde beskryf. Hoewel ons vandag die vloed sommer net afskryf as 'n mite, getuig so baie ander oorlewerings van so 'n vloed.

Dan het die profete gesê dat die Israeliete in ballingskap sal gaan, en hulle het ook, daarvan getuig die geskiedskrywers ook.

Die profete het ook geskryf van die Messias wat gaan kom, en Hy het, en daarvan getuig die geskiedenis ook.

Die profete het ook getuig van die laaste dae en dit is wat ons nou sien gebeur. Openbaring praat van 'n beperking en 'n weerhouding wat op mense geplaas gaan word deurdat hulle nie sal kan koop en verkoop as hulle nie hou by wat vir hulle gesê word nie. Hierdie profesie is tweeduisend jaar oud, maar dit gebeur nou eers in ons tyd.

Van die gebeure wat in die Bybel beskryf word, klink vir mens so vêrgesog dat dit die geloofwaardigheid van die Bybel en die kredietwaardigheid daarvan wegneem.

Noag bou ‘n ark van hout en dan is daar van elke tipe dier twee of meer in. Hoe kry hy al die diere daar in? Dan rëen dit so baie dat die hele aarde onder water is, maar die ark bly behoue, dit is tog onmoontlik.

Wat van Jona wat vir drie dae in die maag van ‘n vis was en in plaas dat hy deur die vis verteer was, het die vis hom net weer uitgespoeg.

En dan is daar Moses wat met sy staf op die see geslaan het en dit word ‘n pad deur die see, waardeur mijoene mense dan trek.

Die grootste, onmoontlikste en ongelooflike probleem waarna ons eerste moet kyk, is die een waarmee ons elke dag gekonfronteer word, maar weier om te erken. Waar kom ons vandaan, hoe kom ons hier, waar is hier en waar kom die aarde vandaan?

Dit maak nie saak wie wat sê nie, maar dit bly iets wat moeilik is om te glo. Die wetenskap probeer dit met evolusie verduidelik, maar daar is soveel onverklaarbare aannames dat dit meer geloof vra, as wat die skepping deur ‘n Opperwese geskep is. Wat ek probeer sê, is dat die onmoontlikheid van die ontstaan van die aarde, baie groter is as die onmoontlikheid van die ark van Noag.

Om te glo dat die skepping haarfyn beplan was deur ‘n Opperwese en toe uitgevoer was, is baie moeilik om te glo, maar nie so moeilik as om te glo dat dit toevalig uit niks ontstaan het nie. Materie, en in ons aarde se geval, water en grond, kan mos nie net self te voorskyn kom nie?

Waar kom die mense, diere en plante ook vandaan, en dan lewe die wesens ook nog?

Buite ons aardse ruimte is miljoene sterre wat ook ons verstand buig as ons probeer dink waar dit vandaan kom. Om te beweer dit is deur die “big bang” en evolusie, is ‘n flou poging, omdat daar binne daardie geleerdes se gesprekke soveel verskille en twyfel is, dat dit glad nie as geloofwaardig beskou kan word nie.

Die vraagstuk voor ons oë is dus nie of daar ‘n God is nie, maar eerder, as daar nie ‘n God is nie, hoe het die aarde en al die sterre hier gekom?

Omdat ons dinge nie verstaan en kan uitwerk in ons verstand nie, glo ons dit nie, maar wanneer ons iets verstaan en bereken, glo ons dit in elk geval nie, want dit is ooglopend. Met ander woorde, slegs dit wat ons nie kan bewys en verstaan nie, kan geglo word. Sodra ons dit kan bewys, is dit vanselfsprekend en logies.

Tog is daar dinge wat vir ons oopgaan en dan kry ons so ‘n kykie in die onmoontlike en dan help dit ons om ander onmoontlike dinge te glo, sonder om dit te verstaan.

Vir die Voortrekkers was dit totaal onmoontlik dat tweehonderd ton staal deur die lug kan trek, of op die water kan dryf en hulle sou dit nooit geglo het as iemand dit gesê het nie, tog sien ons dit elke dag in die vorm van ‘n vliegtuig, of ‘n boot en is dit vir ons glad nie ‘n wonderwerk nie.

Wanneer ons glo dat die aarde deur ‘n wonderwerk ontstaan het, is dit ook nie meer so moeilik om te glo dat die ark van Noag ook ‘n wonderwerk was nie. Ons denke laat ons soms in die steek en dan is daar onoorkombare hindernisse in ons logika.

Neem weer Noag as ‘n voorbeeld. Die afmetings van die ark is opgeskryf in die Bybel en daar is mense wat ‘n presiese replika daarvan gebou het. Nou het hulle probeer om die olifante, renosters, seekoeie en ander diere in die ark in te pas, met hulle kos vir maande, maar die ark was te klein. Op ‘n dag het een van hulle net die vraag gevra of al die diere nie dalk nog klein was toe hulle op die ark gegaan het nie, en skielik is die ark groot genoeg.

Ons is almal beïnvoed met die Kinderbybel en die kinderprente en sien altyd volgroeide diere, maar dit was nie noodwendig so nie.

Hoe het Moses die see gekloof?

Hy het nie. Dieselfde God wat die aarde geskape het, het die see gekloof.

Hoe het Jona in die vis oorleef?

Dieselfde God wat die aarde gemaak het met ‘n bonatuurlike wonderwerk, het Jona in die vis bewaar.

Hoe weet ons dat die Bybel wat nou al duisende jare deur die geskiedenis aangegee word, nie vals en verdraai is nie?

Want dieselfde God wat die aarde uit niks geskape het, het dit vir ons bewaar sodat ons vandag ‘n onvervalste boek het wat die volle Woord van God bevat. Vir ons as mense is dit moeilik om te glo en onmoontlik om te doen, maar vir iemand wat in staat is om die aarde te maak, is dit nie moeilik nie.